Ark Blitz

Liewe Ouers
Ons elkeen wat God se kind is, het iets spesiaals wat ons op aarde moet doen. Herhinder die kinders gereeld daaraan.

*** Ons maak ’n vou en kies kwakker ***

NEE!

1. Hare sny
2. Iets van wingerdstok eet
3. Aan onrein goed (dooie goed)raak

Filistyne

- Afgod: Dagon
- Verlei

Les 24 – DIE HERE HOOR SIMSON ROEP
Maats lees: Rig 16:4 - 30

Simson is die Here se redder-geskenk aan sy ouers en Israel. Sy lewensdoel is om die Filistyne wat hulle bedreig, te straf en te oorwin. Die Gees van die Here lei hom en maak hom sterk. As ’n man verlief is, raak jou kop soms deurmekaar. As jy nou nog op ’n meisie van jou vyand verlief raak, is dit gevaarlik. Dis die tweede keer dat Simson op ’n Filistynse meisie verlief raak. Nou gebruik die Filistyne haar om Simson te vang. Delila maak of sy regtig vir Simson lief is, maar probeer eintlik net uitvind waarin sy groot krag lê. In haar agterkop is seker daardie dertien kilogram silwer wat die Filistyne haar belowe het. Nou begin die speletjie! Eintlik is dit ’n gevaarlike speletjie wat oor en oor gespeel word: Sy vra vir hom wat sy geheim is, hy gee die verkeerde antwoord. Sy vertel dit vir die Filistyne, en almal staan verstom as hulle sien hoe groot sy krag is. Drie keer gebeur dit so, en elke keer gee hy ander raad oor hoe om hom te vang: Bind my vas met vars boogsnare, of met nuwe toue, of weef my sewe haarlokke in die materiaal in. Net soos die vorige Filistynse vrou uit Timna hou Delia aan neul en na 3 keer vertel Simson sy ware geheim aan haar en slaag daarin om Simson tot ’n val te bring. Iemand wat die verhaal hoor, sal dink: Simson was eintlik baie dom om haar te bly vertrou nadat sy hom die eerste drie keer wou verswak om aan die Filistyne oor te gee. Hierdie ‘domheid’ van Simson, en die taktiek van die verleier word ’n waarskuwing aan elke volgeling van die Here wat die verhaal lees. Sy krag het verdwyn, sy oë waarmee hy altyd die mooi meisies raakgesien het, word uitgesteek, hy word geboei en hy werk as ’n gevangene in die tronk.. Alles lyk na ’n groot mislukking: Hy is nie meer spesiaal nie en hy kon nie meer doen wat sy eintlike werk op aarde was nie – hy moes die Filistyne straf. So geleidelik groei sy hare weer. Intussen vier die Filistyne fees. Hulle dink dis hulle god Dagon, wat sterker is as Simson se God, die Here. Al die leiers en duisende mense was bymekaar en baie vrolik besig om Dagon te vereer. Nou moet Simson uit die tronk kom sodat hulle vir hom kan lag en hom bespot. Onthou, hy was blind. Die sterk man moes deur iemand anders gehelp word. Toe hy by die twee groot pilare kom wat die hele boonste deel van die tempel regop gehou het, vra hy vir sy helper of hy net aan die pilare kan voel, en so ’n bietjie kan rus. Simson se verhaal word afgesluit met sy laaste daad toe duisende Filistyne omkom. In hierdie verhaal speel Simson se roep na die Here om aan hom te dink (16:28), ’n belangrike rol. Dit is in ooreenstemming met die struktuur van die Rigtersverhale: die volk roep na die Here vanuit die slegte posisie waarin hulle beland het nadat hulle tot afgodery verlei is. En as die Here die roep hoor, antwoord Hy (Ps 106:43 ev). In die Simsonverhaal is Israel gered, maar die held het gesterf. Hy kon egter tog sy lewensroeping voltooi omdat hy tot die Here geroep het, en die Here hom gehoor het